

## Eie aan gebed is dankbaarheid, en eie aan dankbaarheid is gebed

Voordat Paulus sy brief aan die Kolossense met persoonlike mededelings (4:7-9) en 'n groetwoord (4:10-18) tot afsluiting bring, rig hy in verse 2-6 slotvermanings aan sy lesers. In die slotvermaning van verse 2-4 vind Paulus aansluiting by 'n grondgedagte in die Kolossensebrief. 'n Grondgedagte wat soos 'n goue draad deur hierdie hele brief loop, is *dankbaarheid*. Dankbaarheid is die enigste gepaste antwoord op die genade van God waar Hy ons "*hieronder*" met Homself deur die bloed van sy Seun versoen het (4:19). Hierop vestig Paulus telkens en herhaaldelik die aandag (1:12; 2:6) – met as beklemtoning hierdie woorde: "*Wees altyd dankbaar*" (3:15). Dankbaarheid vind sy uiting in die sing tot eer van God (4:16). Dit is in die daaglikse lewe verbind aan alles wat ons sê of doen (4:17). In sy slotvermaning sluit Paulus afrondend by dankbaarheid aan en verbind dit met die *gebed*.

In die gebed tree ons regstreeks in verbinding met God, die Vader van ons Here Jesus Christus, deur Wie se genade ons die verlossing verkry het, die nuwe lewe deelagtig is en reeds vooruit kan gryp na die erfenis wat ons sal ontvang in die ryk van die lig (1:12). In die besef wat God uit genade in Christus aan ons geskenk het, is dankbaarheid 'n onmisbare kenmerk in die gelowige se verbinding met God deur die gebed. Dankbaarheid in gebed sluit alles in: dankbaar teenoor God vir alles wat Hy in ons liggaamlike behoeftes skenk, maar veral ook dankbaar vir alles wat Hy ons in 'n nuwe lewe in verbondenheid met Christus geskenk het.

Niks wat ons van God ontvang, is vanselfsprekend ons deel nie. Agter alles wat ons ontvang, staan die genade van die Vader in Christus. Net soos gebed eie aan dankbaarheid is, so is dankbaarheid eie aan die gebed. Vir ons lewe "*hieronder*" – as ontvangers van God se genade in Christus – is die antwoord op die vraag '*waarom die gebed nodig is*', hierdie antwoord deur die Kategismus: "*Omdat dit die vernaamste deel van die dankbaarheid is wat God van ons eis*" (HK 45:18).

Sing: Psalm 116:7 (1936)

Ds EJ Tiemensma (Kemptonpark)